Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Xander van der Walt

Area: Levubu

T: 071 882 0905 / E: xander@laeveld.co.za

Gewasse: Makadamias, avokado's, piesangs
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Xander is op 26 Mei 1995 in Pretoria gebore, en kort daarna het hulle gesin na Levubu verhuis. Sy pa het daar met patats en tabak begin boer en is vandag nog in die landboubedryf. Xander glo dit is waar sy liefde vir die landboubedryf vandaan kom. Sy pa boer tans met makadamias, avokado's en piesangs.

Xander het in Levubu begin skoolgaan, maar sy skooljare in Louis Trichardt voltooi. Hy is met sy skoolliefde getroud. In sy skoolvakansies het Xander op verskillende plase gewerk en só sy kennis oor die landboubedryf begin opbou – met goeie leermeesters wat hom touwys gemaak het as dit by die pen-, plant- en oesaspekte gekom het. Nadat hy gematrikuleer het, het hy by 'n kwekery begin werk en nog kennis opgedoen oor die verskillende aspekte van plante en die versorging van elke plantjie voor dit verkoop kan word.

Later het hy die skuif gemaak om self te boer, waar hy met koejawels, piesangs, makadamias en avokado's geboer het voordat hy in 2019 by Andy Pereira aangesluit het en meer oor oesbeskerming in landbou begin leer het. Hy het sy CropLife-kursus in 2019 voltooi en is tans besig met sy BASOS-kursus.

Aangesien hy baie van die buitelewe hou, geniet hy dit om naweke saam met familie en vriende wildtuin toe te gaan. Xander en sy vrou geniet dit om die verskillende voëlspesies te verken. Verder speel hy graag oor naweke gholf, geniet dit om te gaan jag en neem aan skietkompetisies deel.

Xander fokus op Levubu en die omliggende areas waar daar meestal met makadamias, avokado's en piesangs geboer word. Laeveld Agrochem het die wydste reeks gewasbeskermingsprodukte, plantvoeding en presisiedienste om te verseker dat kliënte winste toon in 'n hoogs mededingende mark. Agter Xander staan 'n groot span sterk tegniese kundiges om te help met sakpas oplossings volgens elke kliënt se eie unieke behoeftes.

Hy glo dat kliënteverhoudings belangrik is en sê dat hy altyd sy kliënte eerste stel. Die feit dat hy sy hele lewe al deel van die Levubu-gemeenskap is, dra beslis by tot sy sukses.

Xander glo: *"Wat jy insit, sal jy uitkry. Niemand het nog ooit gesê dis maklik om te boer nie."*

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.